LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

05-09-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 30 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **VARKFEES 2016:**

Baie, baie dankie aan elke leerder, ouer en Volkie Vriend vir u ondersteuning en samewerking die afgelope naweek. Baie dankie vir baie harde werk! U het weereens bygedrae tot 'n suksesvolle Varkfees! Julle is almal ware staatmakers!

2 **SEKURITEIT**:

Ouers ons vra u samewerking ten opsigte van die sekuriteit van ons skool.

* Graad R, 1 en 2 maats verdaag vanaf 13:00 by die Graad 1 parkie hek en V/d Westhuizenstraat se hekke.
* Graad 3 maats verdaag om 13:15 by bogenoemde hekke.
* Graad 4-7 maats verdaag vanaf 13:45 by al die ander hekke.

Rapporteer asb onmiddellik by die kantoor indien u 'n ongemagtigde persoon vermoed.

3 **KOMMUNIKASIE**:

Ons verkies direkte kommunikasie. Selfone en Whatsapp veroorsaak misverstande en personeel mag nie reageer of kommunikeer op sms'e en whatsapp boodskappe nie.

4 **KOEKVERKOPING**:

Bring 'n geldjie saam vir Donderdag, 8 September se Graad 7 koekverkoping.

5 **SKAAK:**

Baie sterkte aan al die ligaspelers wat aan die Gauteng Liga finale op Vrydag, 9 September te Universiteit van Pretoria se Mamelodi Kampus, gaan deelneem.

Oefening:

Juniors - Maandag - 15:00 - 15:45
(5 Sept Gr 2 & 3) (12 Sept Gr 1 & 3)
Seniors - Woenddag - 14:00 - 15:00

6 **LANDLOOP**:
Baie geluk aan al ons atlete wat aan die Gauteng Kampioenskappe gaan deelneem het! Julle was sterre!

7 **KRIEKET**:
Dinsdag - 1stes - weg teen Vryheidsmonument en 2des - tuis teen Vryheidsmonument
Donderdag - 0/11A's - weg teen Vryheidsmonument en 0/11B's - tuis teen Vryheidsmonument

8 **KLEREBANK**:
Juf Estie Kruger hanteer die verlore klere en die klerebank. Ons versoek asb dat ouers vir ons te klein somersklere, veral rokke sal stuur. Baie dankie vir u hulp daarmee!

9 **ADVERTENSIE VAN ONDERWYSPOS 2017:**
Graad 4 - alle vakke en Graad 5 - Engels. Aansoeker moet bevoegdhede meld. Sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag, 9 September. CV's moet gerig word aan Mnr Piet Strydom by hoof@laervolkskool.co.za. Navrae vir Mev Sanet Strydom, 0163416216.

10 **GRAAD 1 - 2017:**
Op Woensdag, 14 September 2016 hou ons 'n Graad 1 - 2017 Inligtingsaand om 18:00 in die skoolsaal.

11 **INSKRYWINGS VIR GRAAD RR EN R - 2017:**
Ouers kan reeds bogenoemde maatjies kom inskryf vir 2017. Inskrywingsvorms is op die webblad (www.laervolkskool.co.za - onder ouergids, volkie admin, toelatingsvorms) of by die skool se Ontvangs beskikbaar. U kan die vorms terug e-pos na admin@laervolkskool.co.za. U sal in kennis gestel word van die Opedag.

12 **AVONTUURKAMP**:
Die Graad 6 leerders word herinner aan hulle **kampgelde** wat nog nie inbetaal is nie.
Onthou dat die Graad 6 dogters kamp vanaf 19-21 September en die seuns vanaf 26-28 September 2016.
Die koste beloop R500-00, u kan direk in die skool se rekening inbetaal.
ABSA Heidelberg, Reknaam: Volkskool Skoolfonds; Reknommer: 500940034;
Takkode: 334143; Verwysingsnommer: (**Avontuur - U kind se naam en van)**

13 **FOTODAG**:
Elke leerder het reeds 'n bestelvorm ontvang met die inligting rakende die Individuele foto's. Merk asb u bestelling duidelik en stuur die regte gelde saam skooltoe vir die registeronderwysers voor of op 19 September 2016.
Foto's word geneem vanaf 22 - 29 September 2016.

Donderdag	**'22 September**	**Graad 6 klasfoto's + Graad 6 Seuns Individuele foto's (a.g.v Avontuurkamp)**
Maandag	'26 September	Junior Individuele foto's
Dinsdag	'27 September	Senior Individuele foto's
		Boetie en sussie foto's
Woensdag	'28 September	Junior en Senior Klasfoto's
Donderdag	'29 September	Sport en Kultuur foto's

14 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD - DEEL 2:**
Kunsstukke moet ingehandig word op 30 September. Tema: Diere (enige medium)

15 **KOOR**:
Jeugkoor Oudisies vir die Oosrandse Jeugkoor (Gr 7) vind plaas op 14 September 2016 vanaf 15:00 - 16:00.
Plek: NG Kemptonkruin, Fiskaalstraat, Glen Marais.
Indien datum en tyd nie pas nie of enige anger navrae, skakel vir Michelle Schuman: 0826832289. Oosrandse Jeugkoor (Gr 8 - 12)

16 **ATLETIEK OEFENING IN DIE 4DE KWARTAAL:**
Baanitems - Oefening sal op 11 Oktober begin
Velditems - Oefening begin vanaf 17 Oktober
Hekkies - Al die leerders in Graad 3,4,5 en 6 (2017) - Daar sal elke Dinsdag, vanaf 12 September oefening vir julle wees by die Hoërskool se velde vanaf 16:00 - 17:00.
Vir enige navrae oor die oefeninge by die Hoërskool, kan julle vir Alida kontak, 0848122932.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF